

# DIE AFDELING GELOOF EN KERKORDE VAN DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE.

DS. J. H. KOEKEMOER

## A. INLEIDENDE OPMERKINGE :

1. Hierdie verslag sal baie sketsmatig wees en slegs kortliks probeer sê wat die afdeling vir Geloof en Kerkorde behels, waarmee hulle hulle in die verlede besig gehou het, en waarmee hulle tans besig is.
2. Die gegewens mag vir u bekend klink omdat u dit seker al uit meer as een oord gehoor het.
3. Ons reken egter dat dit tog 'n goeie doel kan dien indien ons weer opnuut hierdie dinge bekyk.

## B. KORT HISTORIESE OORSIG :

As ons na die wêreld van die twintigste eeu kyk lyk dit of die naas mekaar bestaan van verskillende Christelike kerke as 'n saak van groot droefheid, sondige verskeurdheid, onvergeeflik, beskou word. By die wêreld is daar 'n groot eenheidstrewes ten opsigte van die kerk te bespeur. Wie egter na die wese van die eenheidstrewes kyk kom gou agter dat dit sekondêre motiewe is wat hiertoe aanleiding gegee het en gee. En nou kan daar baie sekondêre „aanleidende motiewe tot 'n ekumeniese strewes wees. Daar is byvoorbeeld die sg. missionêre motief waar daar gestel word dat die konflik en stryd tussen die verskillende Christelike kerke oor die waarheid, die boodskap van die kerk vir die heidene onaanvaarbaar maak. Die kerk moet nl. met volle oortuiging die waarheid van Gods Woord preek en die heiden moet dit aanvaar as die enigste waarheid beide vir hierdie lewe en vir die hiernamaals. Die vraag is : Hoe kan dit gebeur indien die kerke onder mekaar juis oor hierdie waarheid verdeel is en mekaar dikwels juis in verband met hierdie waarheid verdoem?"

Die grootste stoot vir die hedendaagse ekumeniese strewes is dan ook gegee deur die sending.

In 1910 is onder leiding van John Mott 'n wêreldkonferensie oor sendingvraagstukke te Edinburgh byeen geroep. Hierdie byeenkoms word dan ook soms die moeder van die ekumeniese beweging genoem.

Hier het die gedagte baie duidelik na vore gekom dat die verdeeldheid van die kerk 'n hindernis vir die uitvoer van die sendingopdrag is. Verder is daar gestel dat hierdie „verdeeldheid van die kerk bowendien 'n oorvleueling, versplintering en bygevolg 'n verspilling van missionêre kragte teweeg bring.“

By dit alles was daar by die afgevaardigdes 'n steeds toeneemende bewoënheid oor die nood van die wêreld te bespeur. Edinburgh was belangrik omdat dit die stoot gegee het aan 'n beweging wat later een van die twee hoofstrome van die ekumeniese beweging geword het nl. die beweging vir Geloof en Kerkorde. Waar die byeenkomste voorheen grotendeels bygewoon is deur besliste protestante het die Edinburghse Konferensie 'n breër verteenwoordiging van kerklike aard gehad. Daar was Rooms Katoliek en Anglikaan ook teenwoordig, maar dan op voorwaarde dat sake van Geloof en Kerkorde nie bespreek sou word en geen besluit daaroor geneem sou word nie.

„Biskop Charles H. Brent van die “Protestant Episcopal Church” het tydens die byeenkoms dit egter as sy oorwoë mening uitgespreek dat die kongres deur hierdie besluit of voorwaarde homself die reg ontsê het om een van die mees fundamentele sake te bespreek waarmee Christene gekonfronteer is. Vir hom kon dit nie slegs om samewerking van geskeie liggame gaan nie maar daarom dat die oorsake van die skeiding ondersoek word met die oog op die verwydering daarvan. Hy het dan ook sy voorneme te kenne gegee om iets aan die saak te doen. Hy het dit gedoen in Oktober van dieselfde jaar toe 'n Algemene Vergadering van sy kerk die volgende mosie aangeneem het : dat 'n kommissie benoem word wat 'n konferensie sal saamroep om vroeë in verband met Geloof en Kerkorde te oorweeg en dat alle Christelike gemeenskappe dwarsdeur die wêreld, wat Jesus Christus as Heer en Saligmaker bely, gevra sal word om hulle met die poging te verenig met die doel om 'n konferensie te organiseer en te hou. 'n Groot vertraging is veroorsaak deur die eerste wêreldoorlog wat nuwe bitterheid gebring het onder Christene wat reeds op kerklikegodsdienstige gebied verdeeld was.“

Na die oorlog is die organisasie voortgesit totdat die eerste konferensie in 1927 te Lausanne saamgekom het. Dit het op die basis : Jesus Christus as God en Heiland, geskied. Die weg was nou gebaan en later is nog meer konferensies gehou.

## **EERSTE KONFERENSIE :**

Hier het 400 afgevaardigdes van 108 kerke vergader en be-  
raadslaag oor die volgende :-

1. Die roeping tot eenheid.
2. Die wese van die kerk.
3. Die boodskap van die kerk aan die wêreld.
4. Die sakramente en
5. Die eenheid van die Christendom in die algemeen.

Die bedoeling was om vas te stel oor watter geloofspunte daar die meeste verskil van opvatting bestaan, dit dan nader te ondersoek en riglyne vir groter eenstemmigheid aan te dui. Op die vergadering kon egter nie eenstemmigheid bereik word oor groot verskilpunte nie en is besluit dat die verskil-  
lende rapporte nie aangeneem sal word nie, maar alleen aan-  
vaar sal word vir deursending en behandeling deur die onder-  
skeie verteenwoordigende kerke. Daarom het die tweede  
wêreld-konferensie vir Geloof en Kerkorde wat in 1937 te  
Edenburgh gehou is, die werk van die eerste grootliks voort-  
gesit.

## **DIE TWEDE WÊRELDKONFERENSIE :**

Op die konferensie het die volgende sake onder bespreking  
gekom :

1. Genade
2. Die Woord van God
3. Die gemeenskap van die heiliges
4. Die eenheid van die kerk
5. Die bediening en die sakramente.

Op hierdie konferensie en die wat later gevolg het, ontwikkel  
die metode van hierdie beweging en word dit al duideliker  
dat die konferensies gespreksplekke word, plekke vir gedag-  
tewisseling in die aangesig van gemeenskaplike vrae.

## **DIE DERDE WÊRELDKONFERENSIE :**

Die derde konferensie vir Geloof en Kerkorde is gehou te  
Lund, Swede, op 15 – 28 Augustus 1952.

Dit het gehandel oor :

1. Christus en Sy Kerk
2. Erediens
3. Interkommunie
4. Kontinuiteit en eenheid
5. Waar staan ons?

## **DIE VIERDE WÊRELDKONFERENSIE :**

Op die vierde Wêreldkonferensie gehou te Montreal, Kanada in Julie 1963 het die vergadering 5 onderwerpe bestudeer en rapporte daarvoor uitgebring en na ledekerke vir verdere studie verwys. Die onderwerpe was :

1. Die Kerk in Gods bedoeling
2. Skrif en Tradisie
3. Die bediening
4. Erediens
5. Rasse en denominasies as hindernisse vir eenheid.

## **DIE BETEKENIS VAN DIE KONFERENSIES :**

Die betekenis van die konferensies vir Geloof en Kerkorde moet ons sien, so sê hulle, in die feit dat kerke met mekaar in gesprek getree het en wel al meer sistematies en sodoende die weg na groter eenheid, soos hulle dit sien, gesoek het.

Die Beweging vir Geloof en Kerkorde het dan ook saam met ander bygedra tot die stigting van die Wêreldraad van Kerke waarna die Afdeling vir Geloof en Kerkorde funksioneer as 'n afdeling van die Wêreldraad van Kerke. Die afdeling het hom, newens ander vrae, veral besig gehou met die probleem van die eenheid van die kerk. Ons haal aan uit die konstitusie : „Die Afdeling Geloof en Kerkorde wil die noodsaaklike eenheid van die kerk van Christus beklemtoon en wil aan die Wêreldraad van Kerke altyd voorhou die noodsaaklikheid van die eenheid van die kerk vir die sending en evangelisasie, deur die studie van vrae i.v.m. geloof, kerkorde, en veranderde sosiale, kulturele, politieke en rasse aangeleenthede, en hulle invloede op die eenheid van die kerk.”

## **WERKMETODE :**

Tot op datum is die werk georganiseer van een wêreldkonferensie na die volgende. Die studie van spesifieke teologiese probleme is toevertrou aan internasionale kommissies. Hulle moes dan verslae van hulle werksaamhede opstel wat aan die wêreldkonferensies vir Geloof en Kerkorde voorgelê kon word sodat dit daar bespreek kon word.

Hierdie stelsel het sekere voor- en nadele vertoon waarvan die belangrikste was :

1. Voordeel: (a) Probleme kon deeglik bestudeer word en die wêreldkonferensies met goeie rapporte voorsien word.

2. **Nadele**
- (a) Die tydperk van wêreldkonferensie tot tot wêreldkonferensie ( $\pm 10$  jaar) is te 'n lang tydperk om deurlopende, aaneenskakelende goeie werk te lewer.
  - (b) Deur die loop van so 'n lang tydperk het baie lede van die Kommissies bv. bedank en is ander in hulle plek benoem. Dit het dit moeilik gemaak om sonder belemmering te werk.
  - (c) Die feit dat teoloë oor die algemeen nie deel gehad het aan die werk van die besondere Kommissies nie het verder meegebring dat die wêreldkonferensies nie so op hoogte was dat hulle die werk behoorlik kon bespreek nie.

Die gedagte bestaan dan nou onder die geleedere van die afdeling vir Geloof en Kerkorde dat die werk van die kommissies nie tot die lede van die kommissies beperk moet bly nie. Daar bestaan ook die gedagte dat opnuut pogings aangewend moet word om die studieresultate van die kommissies op die beste manier by die verskillende kerke te kry. In die verlede kon hierdie ideaal nog nie in sy geheel bereik word nie.

Verder word daar gestel dat daar op die oomblik ook 'n studie gemaak word van die volgende probleme :-

1. Skepping, herskepping en die eenheid van die kerk.
2. Die verhouding van Israel van die O.T. tot die kerk van die NT.
3. Die vrou in die ampte.
4. Christus, die Heilige Gees en die ampte.
5. Die Nagmaal – 'n sakrament van eenheid.
6. Die Heilige Gees, kerkorde en organisasie.
7. Die Bybelse Hermeneutiek en sy noodsaaklikheid vir die ekumeniese beweging.

Van hierdie studie-onderwerp is sommige al ver gevorderd en andere nie so ver nie. So het daar 'n werk van Prof. Berkhof verskyn oor die skepping en die eenheid van die Kerk. Dit is versprei en verskillende kommentare is al daarop ontvang.

Oor die Bybelse Hermeneutiek word gemeld dat die studie min of meer die volgende omvat :

1. Die noodsaaklikheid vir 'n ekumeniese studie van die Hermeneutiek.
  - (a) Wat is kerygma? – Is dit interpretasie – teologiese interpretasie – van Gods daad en kan dit daarom nooit los daarvan verstaan word nie?
  - (b) As Gods daad tot ons kom in die vorm van kerygma, in die vorm van teologiese interpretasie alleen, watter van die Bybelse interpretasies is die normatiewe?
2. Die Geskiedenis van die Bybelse Hermeneutiek.
  - (a) Ons vind in die Heilige Skrif self al interpretasie – bv. waar die NT. die OT. op 'n sekere manier verstaan en uitleë. Vraag is of hierdie uitleg, omdat dit in die Bybel is, standaard is en geen ander manier gebruik kan word nie? Of gee die Bybel nie 'n standaard uitleg nie?
3. Die vraag na die verhouding van die beginsels van die Algemene Hermeneutiek tot die Bybelse Hermeneutiek.
4. Die vrae i.v.m. die Hermeneutiek bv.
  - (a) Watter reëls is geldig vir die Eksegese?
  - (b) Is daar so iets as teenspraak in die Skrif? ens., ens. Ek wil nie die saak onnodig benadruk nie, maar dit lyk tog of ons kerk self steeds deeglik hieroor moet besin en 'n deeglike studie van die Bybelse Hermeneutiek moet maak. Want dit lyk tog of ons dit nie as vanselfsprekend moet neem, dat as ons en die mense dieselfde woorde, begrippe en uitdrukkings gebruik ons dieselfde daarmee bedoel en daaronder verstaan nie. Bv. bedoel ons nog dieselfde as ons praat van Jesus Christus, die Heilige Skrif ens?

#### **BEOORDELING :**

Dit lyk vir ons, as ons na die studiestukke van die afdeling vir Geloof en Kerkorde kyk of hulle motiewe vir 'n ekumeniese strewe sekondêre motiewe is wat hulle tot primêre motiewe verhef. Hulle strewe na 'n sigbare eenheid van die kerk is nie in die eerste instansie gegrond in die Heilige Skrif nie, maar eerstens in die missionêre motief. Hulle wil dat die kerk in die oë van die heidendom as 'n sterk eenheidsfront optree. Tweedens word daar gestel dat die wêreld van vandag vasgevang is in 'n net van sekularisasie en teologiese modernisme. „Die Christelike boodskap, geloof en godsdiens

het vir die mense geword 'n boodskap van estetiese, morele, sosiale en politieke verbetering. Die vraag ontstaan dan: Hoe kan 'n verdeelde, ondermekaar twistende kerk aan hierdie gesekulariseerde wêreld en mens die werklike unieke boodskap van die evangelie bring?" Die mens kan met reg vra, so sê hulle, of hierdie verdeelde waarheid werklik beter is as sy eie mooi linkende humanistiese filosofie.

Ons wil dit egter duidelik stel dat vir ons die enigste werklike grond vir 'n ekumeniese strewende die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk is. „En uit hierdie leer blyk dit dat daar maar een werklike eenheid van die Christelike kerk is, en dit is die eenheid in Jesus Christus. En omdat Hy die enigste weg en waarheid en Lewe is en niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie, daarom is die enigste werklike Christelike eenheid die eenheid in die waarheid.

Daarom sal elke ernstige ekumeniese gesprek en strewende moet begin met die waarheidsvraag; en omdat die waarheid wat die kerk glo in die geloofsbelydenis sy uitdrukking vind, daarom staan die kerkionele vraag in die ekumeniese gesprek voorop.”

Verwys na die N.G.B. art. XXVII en artikel 54 van die Heidelbergse Kategismus asook die Apostolicum en die Nicenum – Constantinopolitanum – hierop gaan ek nie in nie omdat dit aan u bekend is.

Die Afdeling Geloof en Kerkerde dink egter anders oor die eenheid van die kerk, en hulle is oortuig daarvan dat die enigste eenheid van die kerk wat daar kan bestaan is soos hulle dit sien. Dat dit nog nie bereik is nie wyt hulle aan die feit dat die resultate van hulle studie nie die verskillende kerke bereik nie.

„Die reformatoriese teologie gaan egter uit van die belydenis dat daar maar een kerk is en dat die een kerk is. Maar omdat die kerk geloofswerklikheid is, is dit nie moontlik of noodsaaklik dat die kerk as kerk (en dus as eenheid) vir algemene waarneming sigbaar verskyn nie. Die eenheid van die kerk bestaan in geloof. Daardie eenheid kan net geglo word en is daarom vir die ongelowige (wêreld) onsigbaar. Vir die geloofsoog bestaan daardie eenheid in die gemeenskaplike geloof, in die bid van die Onse Vader, in die één Gees, één Doop, één Woord, een Sakrament en een heilige Christelike lewe wat na die uiterlik nie aan 'n bepaalde eenheidsplek, -persoon en -vorm gebonde is nie.”

Maar nou vra hulle, as die kerk nou uiterlik vir die wêreld onsigbaar is, hoe sal die mense weet waar die ware kerk is waarby hulle hulle moet voeg? Volgens ons belydenisskrifte is dit egter duidelik dat daar nie alleen 'n eenheid van die kerk bestaan nie maar ook 'n eenheid met die kerk moet wees. En omdat elkeen hom by die ware kerk moet voeg (N.G.B. art. XXVIII) het God sekere notae aan die ware kerk gegee waar in die wêreld die kerk ookal mag wees.

„Hierdie notae is die regte prediking en geloof, die regte sakramentsbediening en die regte Christelike lewe in liefde. Maar dan goed verstaan: Die gelowige kan alleen deur die Gees en Woord gelei, d.w.s. in en deur die geloof hierdie notae ken.”

#### **AANHALINGS :**

In hierdie verslag is vrylik gebruik gemaak van aanhalings uit :

- (i) "Reports — Minutes — Documents" van die Afd. geloof en kerk-orde van die wêreldraad van kerke.
- (ii) B. J. Engelbrecht, Kerk en Ekumene, art. in „Die Kerk en die Ekumene", Pretoria 1966.
- (iii) F. J. van Zyl, Agtergronde van die Ekumeniese Beweging, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 23, af. 2.